Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

MSc Projekbestuur (Gedoseer) (12251078)

Duur van studie	2 jaar
Totale krediete	180

Programinligting

Tensy die Dekaan, op aanbeveling van die betrokke departementshoof, anders besluit, word die magistergraad toegeken op grond van eksamens in kursuswerk en ’n miniverhandeling of ’n verhandeling (insluitend ’n eksamen oor die verhandeling). ’n Minimum van 256 krediete word vereis vir die MIng (Ingenieursbestuur), MIng (Projekbestuur), MSc (Ingenieursbestuur)- en die MSc (Projekbestuur)-programme. ’n Miniverhandeling (64 krediete) en kursuswerk (192 krediete) word in die program ingesluit. Geen erkenning sal verleen word vir krediete wat tydens studie vir die BIngHons of die BScHons verwerf is nie. Die leergang word in oorleg met die betrokke departementshoof bepaal. Enige spesifieke module word aangebied op voorwaarde dat ’n sekere minimum getal studente daarvoor inskryf, soos bepaal deur die departementshoof en die Dekaan. Raadpleeg die betrokke departementshoof oor die samestelling van ’n sinvolle nagraadse studieprogram, asook oor die leerinhoud van die modules. Raadpleeg ook die betrokke departementele nagraadse brosjures.

Toelatingsvereistes

Die toelatingsvereiste vir die MSc (Projekbestuur) is ’n BScHons of ’n gelykwaardige kwalifikasie.

Ander programspesifieke inligting

Volledige inligting aangaande die leergange en die leerplanne van die onderskeie domeine is beskikbaar by die Departement.

Eksamens en slaagvereistes

Die bepalings van toepaslike Fakulteitsregulasie geld.

Die Dekaan kan, op aanbeveling van die departementshoof, besluit om ’n student vry te stel van die eksamen oor die verhandeling.

Riglyne oor die voorbereiding en eksaminering van miniverhandelings is by alle departemente beskikbaar. Die gemiddelde punt van al die eksaminatore is die finale punt, met ’n slaagsyfer van minstens 50%.

Navorsing

Die student moet deur middel van ’n verhandeling of miniverhandeling bewys lewer dat hy of sy in staat is om ’n wetenskaplike ondersoek te beplan, in te stel en uit te voer. Tensy die Senaat, op aanbeveling van die betrokke studieleier, anders besluit, moet die student voor of gelyktydig met die indiening van die verhandeling ’n bewys uitgereik deur ’n erkende akademiese tydskrif dat ’n artikel ingedien is, by die Hoof: Studenteadministrasie indien. Die konsepartikel moet gebaseer wees op die navorsing wat die student vir die verhandeling gedoen het en moet deur die studieleier goedgekeur wees indien die studieleier nie ’n mede-outeur is nie. Die studieleier sal verantwoordelik wees om toe te sien dat die artikel deur die proses van hersiening en hervoorlegging geneem word, soos wat vereis mag word. Die toekenning van die graad is onderworpe aan nakoming van die voorwaardes van hierdie regulasie.

Slaag met lof

i. 'n Student wat ’n verhandeling indien, slaag met lof indien ’n gemiddelde punt van minstens 75% behaal word vir die verhandeling (en die eksamen oor die gebied van die verhandeling).
ii. 'n Student wat die magistergraad voltooi op grond van kursuswerk en ’n miniverhandeling, slaag met lof indien ’n geweegde gemiddelde van minstens 75% behaal word in die eerste 128 krediete wat vir die graad voltooi is [eerste 256 krediete in geval van die MIng (Ingenieursbestuur), MIng (Projekbestuur), MSc (Ingenieursbestuur) en die MSc (Projekbestuur)], met dien verstande dat die miniverhandeling 64 van die genoemde krediete tel. Die graad word egter nie met lof toegeken indien die student enige van die modules wat deel vorm van bogenoemde krediete gedruip het nie (modules wat betyds gestaak is, uitgesluit) en ook nie indien die student minder as 70% vir die miniverhandeling behaal het nie.

Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 80

Kernmodules

Projekfinansies- en kostebestuur 802 (IPF 802)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ingenieurs- en Tegnologiebest
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Inleiding tot projekbestuur 801 (IPM 801)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ingenieurs- en Tegnologiebest
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Projekverkrygingbestuur 801 (IPJ 801)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ingenieurs- en Tegnologiebest
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Projekmenslikehulpbronbestuur 801 (IHR 801)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	5 besprekingsklasse per week, 16 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ingenieurs- en Tegnologiebest
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Navorsingsmetodologie 800 (INI 800)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ingenieurs- en Tegnologiebest
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Literatuurstudie 801 (ILS 801)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ingenieurs- en Tegnologiebest
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Projekrisikobestuur 801 (IRM 801)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ingenieurs- en Tegnologiebest
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Projekstelselingenieurswese 802 (ISE 802)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ingenieurs- en Tegnologiebest
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 100

Kernmodules

Strategiese projekbestuur 804 (ISM 804)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ingenieurs- en Tegnologiebest
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Miniverhandeling 898 (ISC 898)

Modulekrediete	60.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ingenieurs- en Tegnologiebest
Aanbiedingstydperk	Jaar

Projekbestuurspraktyk 801 (IMP 801)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ingenieurs- en Tegnologiebest
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Keusemodules

Projekkwaliteitbestuur 801 (IQM 801)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ingenieurs- en Tegnologiebest
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Nuwe onderneming en entrepreneurskap 801 (IOE 801)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ingenieurs- en Tegnologiebest
Aanbiedingstydperk	Semester 1 of Semester 2

Betroubaarheidsingenieurswese 801 (IBI 801)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ingenieurs- en Tegnologiebest
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Ingenieursbatebestuur 801 (IAM 801)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ingenieurs- en Tegnologiebest
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Regsaspekte van projekbestuur 803 (ILC 803)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ingenieurs- en Tegnologiebest
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Bemarkingsbestuur 801 (IIM 801)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	12 besprekingsklasse

Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ingenieurs- en Tegnologiebest
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Ingenieurslogistiek 801 (IIX 801)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ingenieurs- en Tegnologiebest
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Konstruksiebestuur 803 (KBS 803)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	10 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Konstruksiebestuur 804 (KBS 804)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Inligtingbestuur 884 (ILB 884)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	14 lesings, 6 besprekingsklasse per week, 22 ander kontak per week, 2 webgebaseerde periodes per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Informatika
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Konstruksiebestuur 805 (KBS 805)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure per semester
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.